# STAATKUNDIGE STROMINGE IN TRANSVAAL IN DIE JARE 1836–1852.

## 5. Van Sandrivier tot die Eerste Algemene Kerkvergadering.

Die sluiting van die Sandriviertraktaat het by sommige groepe in Transvaal 'n spanning gebring, veral by generaal Hendrik Potgieter en sy mense. Hy was agterdogtig oor die hele saak, iets wat heeltemaal verstaanbaar is as mens bedink, dat waar Pretorius tot dusver met die Engelse te doen gehad het, het dit nog altyd 'n taamlik noodlottige nasleep gehad, soos in Natal en in die gebied van die Oranjerivier Soewereiniteit. En daarom het Potgieter homself afgevra wat nou miskien die gevolge kon wees ! Die jaar te vore wou die Kaapse Goewerneur met Potgieter ook 'n verdrag sluit en hom allerhande erkennings verleen, maar Potgieter het met nadruk geweier, want die stilswyende voorwaarde wat by implikasie aan hierdie erkennings verbonde was, het beteken dat die Kaapse Goewerneur in die laaste instansie tog die hoogste gesag in Transvaal sou wees. Dit is verklaarbaar dat Potgieter onrustig was toe hy hoor dat Pretorius nou met die Britse outoriteite 'n verdrag gesluit het, want wie weet wat se toegewings hy daarin kon gemaak het !

Potgieter se ou kommandant en in vroeëre jare sy beproefde regterhand, Gert Kruger, het hom op 2 Februarie 1852 geskryf en by hom daarop aangedring om tog in iedergeval die groot volksbyeenkomste wat op 16 Maart op Rustenburg gehou sou word, en waar die Traktaat voor die Volksraad gelê sou word, by te woon. Dan kon hy self sien wat bereik is en watter vryheid hulle verkry het. En as hy nog te siek was om self te kom, moes hy twee manne in sy plek stuur[1]).

Potgieter het aan die versoek gehoor gegee, en reeds op 11 Maart het hy op Rustenburg aangekom. Pretorius het vier dae later gearriveer. Daar was 'n besonder groot getal burgers aanwesig, want die toestand was haglik en gespanne, en dit het gelyk of daar nie alleen 'n bitterheid sou ontstaan nie, maar dat dit dalk op 'n botsing kon uitloop, wat ook waarskynlik sou gebeur het, as Potgieter se vrees bewaarheid sou word dat Pretorius te veel toegewings aan die Britse outoriteite sou gemaak het. Die enigste doel van kommandant Gert Kruger was om die twee voormanne saam te bring om te sien of daar werklik moeilikheid was, en dit dan uit die weg te probeer ruim. Die ouderlinge van Potchefstroom Rustenburg en Zoutpansberg het eers met ieder van die twee afsonderlik gepraat, en daarop het hulle in die tent van Potgieter saamgekom. Dit is onbekend wat hier tussen Pretorius en Potgieter plaasgevind het en wat hulle met mekaar gepraat het. Potgieter het in elk geval genoeg geleentheid gehad om met die inhoud van die Sandrivier traktaat kennis te maak, en toe die tentdeur oopgeslaan is, het Pretorius en Potgieter voor die oopgeslane Bybel gestaan en mekaar die hand gegee, waarop daar 'n gejuig onder die skare opgegaan het[2]). Hierdie twee beproefde voormanne het die verdere van hierdie dag bestee om hul onderlinge verhoudings tot mekaar veral op krygsgebied te bespreek, asook die vraag hoe om op die beste wyse mekaar oor en weer hulp te verleen. Die afloop was goed en 'n ooreenkoms is bereik.

Die volgende dag, 17 Maart, het die Volksraad vergader. Pretorius het toe die geslote verdrag tussen die Boere en die Engelse voorgelê, en gevra of dit goedgekeur word dat hy gehandel het soos hy gehandel het deur saam met die Krygsraad en die aanwesige lede van die Volksraad na Sandrivier te gaan om met die Britse verteenwoordigers te onderhandel en die Traktaat te sluit. Na „een lange overweging" het die Volksraad dit goed gekeur. Daar was net twee lede daarop teen, en wel Stephanus Schoeman en W. C. J. van Rensburg. Hierdie twee teenstemme was veelseggend. Schoeman het self ambisies gehad, en van Rensburg was as vriend van Bührmann 'n man uit die Lydenburgse groep, al het hy nie daar gewoon nie. Hy was 'n besliste teenstander van A. W. Pretorius, en sy teenstand sou later op M. W. Pretorius oorgaan. Schoeman en van Rensburg sou altwee 'n tien jaar later aktiewe rolle speel in die burgeronluste.

---

[1]) R 382/52.

[2]) J. Stuart: De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika, Amsterdam, 1854), bls. 201.

Potgieter het in hierdie sitting van die Volksraad verklaar waarom hy hom vroeër aan die gesag van die Raad onttrek het. Die rede was die optrede van Bührmann en die Ohrigstadters by Olifantsrivier in Maart 1849 waar hy opsy geskuif is, terwyl die Volksraad vir Bührmann gesteun het. Hy was gewillig om die Volksraad as die hoogste gesag te erken, maar dan moes dit 'n *Volks*raad wees, en nie die Raad van 'n bepaalde groep of *kliek* nie, en hy het as voorwaarde gestel dat die Volksraad die huwelike moes erken wat onder sy bestuur gesluit is, asook die aantekening van plase vir sy mense. Hierteen was daar geen beswaar nie, en die erkenning is dadelik verleen.

Pretorius het hierop uitvoerig verslag gedoen van sy onderhandelings met die Britse Kommissarisse en al die stukke voorgelê. Die Volksraad was te vrede. Daar was alleen oor twee Artikels, nl. art. 7 en 8 van die Traktaat 'n mate van aarseling. In artikel 7 is bepaal dat „alle kriminele of andere schuldige personen" aan al twee die kante van die Vaalrivier deur altwee die partye uitgelewer moes word. Wat word onder „ándere schuldige personen" verstaan? Skuldig waarvan? Sou dit aan Engeland nie 'n mate van seggenskap in Transvaalse sake gee nie? Want sê nou dat die Engelse outoriteite, net soos in vroeër jare probeer is, die Boere wat uit die Britse gebied na Transvaal wou trek, wou belet om dit te doen, en as hulle tog na Transvaal verhuis het, moes die Volksraad hulle dan uitlewer? En wat van die persone wat uit staatkundige oorwegings na Transvaal kom? Dit was vrae wat in die Volksraad gestel is. En wat artikel 9 aanbetref, daarin is nogmaals bepaal dat persone wat krimineel of skuldenaars was, nie ongehinderd na Transvaal kon verhuis nie. Die vraag was weer, gee dit Engeland nie te veel seggenskap in Transvaalse aangeleenthede nie? Maar nieteenstaande hierdie aarseling is die inhoud van die Traktaat in sy geheel goedgekeur.

Pretorius het voor hierdie Volksraad twee briewe gelê wat Bührmann aan sy twee swaers Jacob Mare en Hendrik van der Linden geskryf het, en waaruit geblyk het dat Bührmann die lewe van Pretorius „in gevaar wil brengen"[3]). Hierdie vroeëre Amsterdamse kantoorbediende het sy haat teen die Held van Bloedrivier wel baie sterk laat botvier! Die Volksraad het toe besluit om Bührmann as landdros van Lydenburg af te sit en aan die nuwe landdros Jacob de Clercq wat in sy plek aangestel is, en aan die heemrade in oorweging te gee om hom dadelik in versekerde bewaring te hou, tensy hy twee borge vir sy rustige gedrag kon gee. Maar die Volksraad het nie geweet dat dit egter nie meer nodig was om Bührmann af te sit nie, want die hof van heemrade op Lydenburg met J. J. Burger, seun van die vroeër meermaal genoemde J. J. Burger as waarnemende landdros, het hom reeds 'n paar dae van te vore afgesit op grond van artikel 176 van die Instruksies wat generaal J. W. Janssens in 1805 aan die Kaap uitgevaardig het. Die rede hiervoor was dat Bührmann in sy regspraak nie onpartydig was nie.

[3]) Volksraadsnotule Maart 1852, Art. 21 e 23.

En tog het Bührmann onder die Lydenburgers nog 'n taamlik sterk aanhang gehad, soos in die Kommissieraad geblyk het wat op 5 Mei 1852 op Lydenburg saamgekom het. Hierdie kommissieraadsvergadering het hom nie veel aan die Volksraadsbesluit oor Bührmann gesteur nie. Hy het aan hierdie kommissieraad 'n brief geskryf, gedateer 28 April, oor die besluit wat die Volksraad in Maart oor hom geneem het, en daarin het hy op die mees beledigende wyse smalend en sarkasties oor generaal A. W. J. Pretorius geskryf, en het hy die brief van die landdros waarin die Volksraadsbesluit aan hom meegedeel is, „beledigend en onwaar" genoem[4]). Maar inplaas dat die Lydenburgse Kommissieraad hom hieroor op sy plek gesit het, het hulle sy brief gewoonweg na die eersvolgende Volksraadsitting verwys, en hom intussen met 'n belangrike sending na Delagoabaai afgevaardig. Ook dit is weer 'n sprekende bewys hoedat die Lydenburgers teenstanders was van Andries Pretorius, en nie sy beleid wou steun nie.

Onder invloed van Bührmann het daar vanuit Lydenburg dan ook 'n sterk mate van verset teen die Sandriviertraktaat gekom. Die ondergrond hiervan was hulle persoonlike teenstand teen Pretorius. Die Sandriviertraktaat was sy werk, en daarom moes dit nie aanvaar word nie. Selfs die Lydenburgse kommandant-generaal W. F. Joubert, wat een van die mede-ondertekenaars van die Traktaat was, het ook begin afvallig word. En S. Schoeman Pzn.[5]) het op 6 Mei met allerhande dreiemente en belediginge in die Kommissieraad verskyn en gesê dat hy die Sandriviertraktaat nooit sal goedkeur nie, want „dat de heer Pretorius hem aan de Engelsche gouvernement overgemaakt en verkocht heeft" en dat die Volksraad dit goedgekeur het! Die voorsitter van die Kommissieraad, Cornelis Potgieter, het kwaad geword en die stoel verlaat en uit die vergadering gestap, wat gemaak het dat hy met vyf Ryksdaalders beboet is, en dat iemand anders in sy plek as lid van die Raad gekies is. Schoeman is ook met vyf Ryksdaalders beboet. Daar was verder nog 'n mosie wat deur Bührmann opgestel en geskryf was en deur veertig persone geteken, voor die Raad. Die ondertekenaars het daarin beswaar gemaak teen die goedkeuring van die Sandriviertraktaat wat die Volksraad in Maart daaraan gegee het, want Pretorius het volgens hulle heeltemaal onwettig gehandel, en hulle het ronduit verklaar dat „veelen van ons sinds jaren tegen gezegde Pretorius zijn"[6]). Die Kommissieraad het egter feitlik die kant van die memorialiste geneem en verklaar dat Lydenburg heeltemaal onkundig is met die onderhandelinge wat Pretorius op Sandrivier met die Engelse gevoer het! Hierdie houding van die Kommissieraad van Lydenburg is baie vreemd as mens bedink dat verskillende Lydenburgers aan die onderhandelings by Sandrivier deelgeneem het, soos die Lydenburgse Kommandantgeneraal W. F. Joubert, die

---

[4]) V.R. 208/52.
[5]) Hy moet nie met die bekende Steph. Schoeman verwar word nie.
[6]) V.R. 206/52.

Lydenburgse Volksraadslid J. N. Grobler wat nie alleen aan die onderhandelings deelgeneem het nie, maar die Traktaat selfs mede onderteken het. Baie vreemd as mens bedink dat van die vyf lede waaruit hierdie Kommissieraad bestaan het, Cornelis Potgieter wat by die aanvang voorsitter was, ook voorsitter van die Volksraad in Maart was wat die Traktaat en die handelwyse van Pretorius goedgekeur het, terwyl twee ander lede van die Kommissieraad, nl. L. Nel en G. C. Schoeman ook lid van daardie Volksraad was. Maar nou word gemaak asof Lydenburg van alles niks geweet het nie! Maar die beswaar van die Lydenburgers met Bührmann vooraan, het ergens anders gelê. Pretorius was na hulle sin veels te veel by die sluiting van die Traktaat betrokke waardeur sy invloed veels te veel toegeneem het, sodat hulle planne om hom en sy mense van die Republiek af te sny, misluk het. Die finale breuk tussen Lydenburg en die Republiek het dan ook onvermydelik begin word, en die komende afskeiding van Lydenburg het sy skaduwees reeds vooruit begin werp, en dit sou nie alleen 'n breuk op staatkundig gebied wees nie, maar ook op kerklik gebied.

Die Volksraad het op 15 Junie 1852 weer vergader, hierdie keer op Potchefstroom. Tydens hierdie sitting is Stephanus Schoeman wat reeds in Januarie 1851 te Elandsfontein as kommandant aangestel is, as sodanig ingesweer. Hy was iemand wie dit aan persoonlike moed en dapperheid nie ontbreek het nie. Hy was egter emosioneel en voortvarend en sy wyse van optrede was nie altyd gelukkig nie.

In hierdie sitting moes die sarkastiese en beledigende brief van Bührmann teen Pretorius behandel word. Maar dit is nie behandel nie. Die Lydenburgers het Bührmann te veel die hand bo die hoof gehou, en so kon hy straffeloos teen Pretorius agiteer en hom beledig.

In verband met die besware teen artikel 7 van die Sandriviertraktaat is besluit om generaal Pretorius en kommandant P. E. Scholtz na Bloemfontein te stuur om 'n verduideliking van die assistent-kommissarisse daaroor te kry. Pretorius en Scholtz het dadelik uitvoering hier aan gegee, en op 12 Julie kon Pretorius aan 'n kommissieraad by Magaliesberg as antwoord van C. Mostyn Owen[7]) voorlê dat met die woord „misdadiger" in artikel 7 bedoel word „moordenaars, roovers en brandstichters" en dat dit geen inmenging van Britse kant in Transvaalse regsake beteken nie.

Die Volksraad het in Junie 1852 bepaal dat die eersvolgende Sitting van die volle Raad op 4 Oktober 1852 in Potchefstroom gehou sou word, maar een van die Lydenburgse afgevaardigdes was hierop teen, en toe die Volksraad op die vasgestelde datum op die bestemde plek saamkom, het die Lydenburgers ontbreek waardeur die vergadering verplig was om die vorm van 'n kommissieraad aan te neem en nie van 'n volle Raad nie. Ook hieruit blyk hoedat die Lydenburgse minderheid

[7]) Sy mede kommissaris, W. S. HOGGE, is kort te vore, op 9 Junie 1852, te Bloemfontein oorlede.

die Republiek wou oorheers, en as dit nie kon nie, dan 'n eie staatkundige gemeenskap wou vorm. Dit is jammer dat die Lydenburgers juis op hierdie vergadering ontbreek het, want Pretorius het die brief voorgelê wat die goedkeuring van die Sandrivier Traktaat deur die Engelse Regering bevat het.

Te midde van al hierdie onaangenaamhede wat deur die optrede van Lydenburg veroorsaak is, het 'n gebeurtenis van groot belang plaasgevind, naamlik die koms van ds. Dirk van der Hoff as predikant in Transvaal. Dit was 'n baie groot gebeurtenis. Dit was al sewentien jaar dat die Voortrekkers hulle in Transvaal begin vestig het, en in al die jare het hulle nie daarin geslaag om 'n eie predikant te kry nie. Herhaaldelik is predikante uit die Kaapkolonie beroep, maar hulle het dit altyd van die hand gewys. Hulle beswaar was dat Transvaal nie onder die Engelse vlag gestaan het nie, want met die nasionale strewe van die Voortrekkers het hulle geen simpatie gehad nie. Maar nou, na sewentien jaar sou Transvaal dus 'n predikant kry wat hom met die volk sou vereenselwig, die eerste ware Voortrekker predikant. Die kerk kon nou behoorlik georganiseer word. Maar die verwydering wat onder die invloed van Bührmann tussen die Lydenburgse minderheid en die res van die Republiek plaas gevind het, was van so 'n aard dat dit sy invloed ook in die Kerk laat voel het. Dit was dan ook van groot betekenis of ds. Van der Hoff Bührmann en die Lydenburgers sou steun, en of hy hom by Pretorius en die res van die Republiek sou voeg. Kerk en Staat was in daardie dae so nou aan mekaar verbonde, dat die invloede oor en weer baie sterk was. 'n Skeuring op staatkundig gebied moes noodwendig 'n skeuring op kerklik gebied saam sleep. Dit is van soveel belang dat dit in 'n afsonderlike paragraaf behandel moet word.

S. P. ENGELBRECHT.